**RAKETTE:**
Maak gebruik van ons vlugge hersnaringsdiens
N.B. Ons werk word uitgevoer deur 'n BLANKE deskundige.
**Die Eikestadwinkel**
(Edms.) Bpk.
PLEINSTRAAT, STELLENBOSCH.



# DIE Matie

STELLENBOSSE STUDENTEKOERANT.
ORGAAN VAN A.N.S.-TAK.

Gedruk deur Pro Ecclesia-Drukkery en uitgegee deur die A.N.S.-Tak Stellenbosch

DEEL II, No. 26. VRYDAG, 25 SEPTEMBER 1942. PRYS 1d.



**VILJOEN**
se fietswinkel sal u fiets weer repareer. Bring dit net.
FIETSE EN FIETSPARTE NOU IN VOORRAAD.
Alles teen die billikste terme.
Onthou—
Net langs Suikerbossie.


## A.N.S.-Tak se Eerste Landsdiens-Kamp

**In die kort vakansie wat vandag aanbreek gaan 'n vyftigtal lede van die A.N.S.-tak op 'n plaas in die distrik uitkamp met die doel om landsdiens te verrig. Hierdie kamp moet as voorloper dien van gereëlde ondernemings van dergelike aard in die toekoms, en veral van 'n groot sametrekking aan die einde van die jaar, na die eksamens, wanneer die A.N.S. hoop om honderde van sy lede in 'n groot landsdienskamp saam te skaar.**

Vanjaar het die A.N.S.-tak en die Ossewabrandwagkommandos in samewerking met mekaar 'n gereelde arbeidsdiensafdeling in die lewe geroep. Heelwat werk is reeds verrig op die voetbal- en hokkievelde, en in die Junie-vakansie het enkele lede op 'n plaas in die distrik van Ceres landsdiens gaan doen. Onder die leiding van Mnr. Steven Joubert in die eerste semester, en daarna van mnr. Andries du Plessis, die huidige Arbeidsleier, word hierdie afdeling nog steeds uitgebou. Met die steun van goedgesinde persone kon die A.N.S.-tak reeds 'n hele klomp gereedskap aanskaf.

Die plan is in die eerste plaas om gedurende die jaar werk te bestee aan ons universiteitsgronde, maar veral ook om by studente liefde vir die vaderlandsbodem te kweek deur hulle in die vakansie die kans te gee om by boere in verskillende distrikte te gaan werk — dames sowel as mans.

Daarom gaan die A.N.S.-tak in die toekoms in vakansietye gereeld kampe organiseer. Daarbenewens reël die Landsdiensafdeling dit ook so dat boere veral in oestyd die hulp van studente op hul plase kan inroep.

In hierdie vakansie word dan die eerste kamp gehou, en wel op die plaas van mnr. Willie de Waal, ongeveer drie myl buite die dorp. Mnr. de Waal het goedgunstiglik 'n mooi terrein beskikbaar gestel om ingerig te word as feesterrein en vergaderplek vir die A.N.S.-tak en die O.B.-generaalskap. Om hierdie terrein uit te lê is die taak wat die veertigtal mans en dames op hul neem vir die kort vakansie, terwyl die dames meer bepaald ook sal sorg vir die koskook ens.

Die Kamp sal staan onder die leiding van mnr. P. A. Theron, taksleier van die A.N.S., wat mnr. J. J. Verster aangestel het as kampkommandant, en mej. Elize Dürr as asst. kampkommandante.


*APTEKERS*

Ons bied u deskundige bediening en betroubare medisyne aan. Deskundige Fotografiese Handelaars.

**Maak gebruik van ons Vlugge Fotografiese Posdiens.**

**JOERNING EN SEUN**
(Eiens.) Bpk.
Hoek Bird- en Pleinstraat,
STELLENBOSCH.


## Vroee-Môre O.B.-Byeenkoms

Die O.B. studente-kommandos het hul werksaamhede vir die kwartaal afgesluit met 'n Dienslaer-sametrekking verlede Saterdagoggend vroeg, agter die Coetzenburg-terrein. By hierdie geleentheid het mnr. W. R. Laubscher, O.B.-inligtingsoffisier, en mnr. P. A. Theron, plaaslike A.N.S.-taksleier, die woord gevoer, en baie duidelik die plek van die studerende jeug in die volksbeweging verduidelik.

Na 'n bekertjie koffie en gesamentlike sang deur almal geniet is, is die byeenkoms verdaag met „Die Stem."

## Pragtige Koor en Orrel-Uitvoering

Dr. G. G. Cillié, jnr., kan waarlik gelukgewens word beide met sy koorleiding en orrelspel tydens die uitstekende uitvoering verlede Saterdagaand in die Nuwe Kerk.

Die program het 'n aanvang geneem met Bach se grootse „Voorspel in A kleinterts." Die kerkkoor het veral in „Kom neem jul harpe" („Die Skepping"—Haydn), „Hoe lieflik is U woning" (Requiem—Brahms), en in Schubert se „Die Heer is my Herder" (dames alleen) besonder uitgeblink. Die orrelspel in „Poolse Kerslied," „Groot Koor" (du Bois), en „Toccata" (Boellmann), die sluitingsnommer, was skitterend.

Die kore van H.J.S. en Bloemhof het ook opgetree en die dogters verdien spesiale lof vir hul skone vertolking van „Woud se Oggenddiens" (Abt).

Die damesoliste het hul goed van hul taak gekwyt: Mev. Ans Blok het „Drie Wijzen uit het Oosten" (Cornelius) gesing, terwyl mev. Gerdener „Hy was verag" („Messias"—Handel) en mej. Lubbe „Halleluja" ('n Duitse paaslied) vertolk het.

Die uitvoering is ten behoewe van die Moederkerk se orrelfonds gehou.

## Provinsiale Kongres van A.N.S.

### Verrigtings op Heldedag

Die Provinsiale Kongres van die A.N.S. sal op 10 Oktober op Stellenbosch gehou word. Prof. A. J. H. v. d. Walt van Potchefstroom sal die openingsrede uitspreek. Mnr. J. Postma, die uniale leier, sal 'n verklaring by hierdie geleentheid doen. Owerigens sal aspekte van die volksbeweging behandel word. Die kongres sal ook beskrywingspunte van die verskillende takke afhandel.

Verwag word dat afgesien van die A.N.S.-lede self, groot getalle studente van omliggende universiteite en kolleges die verrigtings sal bywoon.

Alle belangstellende Afrikanerstudente en lede van die publiek word hartelik uitgenooi.

Die kongres sal om 11 v.m. in die plaaslike stadsaal geopen word.

## „Handleiding"

*(Saamgestel deur die B.T.K.)*

Die Berg-en Toerklub het in die afgelope jare op Stellenbosch besonder waardevolle funksies vervul. Dit het gedien om 'n voorliefde vir veld en natuur by 'n groot aantal studente aan te wakker, wat op sigself al 'n uitstaande prestasie is, maar daarnaas het dit ook meegewerk tot die kweek van 'n sterk kameraadskap tussen sy lede, en het aan menige student die geleentheid gebied om sy kort vakansie op gesonde en genotvolle manier deur te bring.

In sy ywer vir die bogenoemde sake het die B.T.K. nou 'n stappie verder gegaan, en 'n *Handleiding* gepubliseer, wat kan dien as hulp by die stigting van soortgelyke klubs aan ander universiteite en kolleges.

Die boekie bevat wenke in verband met die gewenste samestelling van so 'n klub, die reëlings van toere en kampe, wat insluit werkverdeling vir die deelnemers, die voorafgaande organisasie in verband met die onderneming, die benodighede vir 'n toer, opstelling van dagprogramme, asook wenke om as hulp te dien by die organisering van kampe en daguitstappies.

Hierdie gegewens is almal versamel uit die rekords van die B.T.K. self, en met die jare van ondervinding en deeglike organisasie van die klub in ag geneem, kan dit met groot vrymoedigheid by enigeen aanbeveel word in die sekerheid dat dit gerief, en foutlose fungering sal verseker.

## Wyn en die Wetenskap

### Lesing van Dr. Niehaus

„By die produksie van wyn is die wetenskap uiters belangrik, maar dit kan vir ons geen wyn sinteties skep nie," het dr. Niehaus van die K.W.V. tydens sy lesing voor die Wetenskaplike Vereniging verklaar.

Nadat spreker daarop gewys het dat 'n egte wyn 'n kunsproduk wat alle wetenskaplike analise trotseer, is, het hy die ontwikkeling van die Enologie (wynbereiding en -veroudering) geskets. Tot sowat 'n eeu gelede het die proses op oorlewering berus, maar deur die daarstelling van mikrobiologie( veral deur Pasteur) was alkoholiese gisting een van die eerste biogemiese prosesse

### Volgende Uitgawe

*Weens die vakansie wat vandag 'n aanvang neem, sal die volgende uitgawe van „Die Matie" op Vrydag, 9 Okt. verskyn.*

wat ontbloot is. Die veroudering van wyn is 'n oksidasieproses (esterifikasie).

In wyn bestaan daar 'n ingewikkelde chemiese ewewig tussen die verskillende bestanddele. Die faktore (chemies of biologies) wat hierdie ewewig mag versteur, is weens intensiewe navorsing tot 'n groot mate bekend, en kan dus doelbewus bestry word.

'n Sintetiese wyn kan die wetenskap egter nie daarstel nie: die kwaliteit en karakter van 'n wyn hang af van sekere labiele stowwe wat in minimale hoeveelhede voorkom, sodat hulle nie vasgestel kan word nie. Die wetenskap is ook nie van veel nut i.v.m. die beoordeling van wyn nie—alleen die menslike smaak- en reuk-organe kan dit bepaal.

Dr. Niehaus is deur mnr. P. Zeeman aan die gehoor voorgestel, en prof. C. J. Theron het die spreker vir die besonder interessante lesing bedank.

Mev. W. van Huyssteen, (mej. Hester Morrison, is terug op Stellenbosch om 'n leidende aandeel te neem in die Volkspelekursus wat in die eerskomende vakansie hier sal gehou word. Sy is reeds besig om 'n demonstrasiegroep af te rig. Woensdagoggend het die Jokliete met 'n gesellige tee-partytjie haar terug verwelkom.


Maties ons Nuwe Rakette is hier. Oor die 1,500 om van te kies.
Kom besigtig die volgende NUWE MODELLE.

Die Matie 55/6; Die Super Matie 69/6 ; Die Voortrekker 52/6; Die Voortrekker Luukse Model 63/6. Rakette vir Beginners vanaf 21/-, 25/-, 27/6, 35/-, 39/6. Al die vernaamste make in voorraad. Hersnarings en Reparasiewerk afgelewer binne 'n uur. Hersnarings vanaf 15/6, 18/6, 21/6, 25/6, 30/6, 35/-. Reparasies Kort Snare 9d., 1/-. Lang Snare 1/-, 1/3. Raketsakke 1/6, 2/6. Raket Grepe 1/-, 2/6. Tennisskoene 4/11, 6/6, 9/6 tot 14/6. Al die vooraanstaande Stad- en Platteland Spelers gebruik 'n De Wet's gesnaarde Raket.

**N.B. — Onthou u kan orals 'n Raket koop, maar is dit gesnaar deur 'n Deskundige???**

**GEBROEDERS DE WET (EIENS.) PBK.**
STELLENBOSCH.
Bus 21. Foon 20.



**Suikerbossie Melksalon**

HOOFKWARTIER van GESONDHEID.

**Ligte Etes, Melkdranke (warm en koud), Koffie, Tee en Lekkers.**

Onder persoonlike toesig van
**OOM HUGO.**

**Die Plaza**
Foon 0013.

FREDERIC MARCH
en
LORETTA YOUNG
vertolk die hoofrolle in
*BEDTIME STORY*
'n Nuwe en skitterende komedie.
Vrydag 25 en Saterdag 26 Sept.
Byprogram:
POPEYE in „I'll never crow again."

Saterdagaand: Die nuutste nuusprent in die reeks „The March of Time," „America at War."

**Van der Stel Bottelstoor**
Andringastraat
STELLENBOSCH
(Foon 94.)
Wyn, Brandewyn en Bier altyd beskikbaar.
Onthou groot voorrade koeldranke altyd op hande.
N.B. — Bel Koos Tredouw vir u volgende Partytjie.

R. MÜLLER
EERSTE vir KLAVIERE, VLEUELS, ORRELS.
Alle ander soorte MUSIEKINSTRUMENTE, MUSIEKALE BENODIGHEDE, DRAADLOOSTOESTELLE EN GEDRUKTE MUSIEK. WAPENS, AMMUNISIE, ens.



R. MÜLLER
(Eiens.) Bpk.
KAAPSTAD en STELLENBOSCH.

Dames dis u plig om u hare by die
DAMES HAREVERSORGING-SALON
te laat versorg.
*U voorkoms is hoofsaak.*
U onderskeiding by ons verseker die vordering van die Afrikaanse ondernemingsgees en versorg werk vir die Afrikaner dogter.
*Ons pryse is na u smaak.*
**Dagbreek-Dames-Hareversorgingsalon**
**Langmarkstraat 141, KAAPSTAD.**
(Grondvloer).
*Skakel 2-5662.*

Tel. 2-1944. Posbus 2657.
**R. W. van Rijn,**
BRILMAKER.
Kamers 501-520 Vyfde Verdieping
Groote Kerkgebou,
KAAPSTAD.
Laat u brilvoorskrif deur my voltooi word. Maak u keuse uit 'n groot verskeidenheid van moderne rame. Spesiale afslag vir Studente.

DIE MATIE
Hoofredakteur: A.N.S.-Taksleier.
Korrespondensie: Die Besigheidsbestuurder, Dagbreek, Stellenbosch.

Deel II. 25 SEPT. 1942. No. 26.

## Die Afrikaner-sportunie

Die Volksbeweginggedagte beklee die mees prominente plek in die program van die A.N.S., en kortliks beteken dit dat dit essensieel is vir Afrikaners om in 'n saamhorige groep saamgeskaar te word, waartoe geen element toegelaat sal word wat die ontwikkeling van die volk in so 'n rigting kan dryf dat die ontwikkelingslyn in ons geskiedenis gebreek kan word nie. Dit beteken dat die Afrikaner hom op geen manier hoegenaamd mag komprometeer teenoor enige ander bevolkingsgroep, wanneer so 'n kompromis die verbleking van die beginsels waarop ons nasionale verlede en ons lewensbeskouing gefundeer is, kan impliseer nie.

*In hierdie verband het die A.N.S. met sy idee van 'n Afrikaner-sportunie die saamsnoering van Afrikaners ook op die gebied van sport beoog;* die doel was om jeugdige Afrikaners wat aan sport 'n aandeel wil hê in die geleentheid te stel om sulke bedrywighede te onderneem met die totale uitskakeling van die moontlikheid dat die sportvelde ook plekke van kompromie vir die Afrikaner sou word.

Hierdie voorstel is van die kant van die Stellenbosse sportliede verwerp. Wat die redes vir hierdie verwerping ookal mag gewees het, het dit nou duidelik geword dat die Afrikaner baie definitief nie meer aan sport kan deelneem sonder om sy beginsels in die skaduwee te stel nie, en terwyl die belangrike argument van die teenstanders van die idee van 'n eie sportunie steeds was dat ons van sport nie 'n politieke speelding moet maak nie, is dit nou kragtens die onlangse besluit van die W.P. Rugby-unie baie duidelik dat dit van die kant van ons teenstanders kom dat sport en politiek gemeng word, en is dit juis die persone wat die rug op die sportunie gedraai het wat nou moes besluit om hulle te onttrek van verdere deelname aan die gereelde rugbykompetisies.

*Die oprigting van die voorgestelde sportunie is op hierdie stadium vir die Afrikaner-student onverbeurlik, want om kompromis te ontkom en terselfdertyd gereelde, gesonde sportkompetisie te kan verkry, staan daar vir ons geen ander weg oop nie.*

## Aan S.V.R.-lede en Ander Studente

In ons kolomme verskyn vandag 'n brief wat ons in sy volle lengte plaas omdat dit die aandag vestig op 'n paar krasse ongerymdhede wat vandag nog in hierdie studente-unie bestaan.

Terwyl die banmosie van 'n Monstervergadering oor *Die Matie* bly staan — in alle onskadelikheid, weliswaar! — het genoemde liggaam onder aanvoering van sy leiers nog niks gedoen om hom uit te spreek teen onwelvoeglikheid wat seer seker in erge graad in plaaslike studenteblaaie tot uiting gekom het nie.

Terwyl 'n skandelike pamflet, *Pro Libertate*, onlangs ons studente tot die uiterste liberalisme op elke gebied aangespoor het, is dit nie daarteen dat ons Studenteraad hom uitspreek nie, maar wel teen 'n ander vlugskrif wat slegs rondborstig gewys het op betreurenswaardige gevalle van drankmisbruik e.d.m. wat in hierdie studente-unie voorkom.

*Die Matie* het sy standpunt in hierdie sake duidelik gestel. Ons is nie daarin geïnteresseerd of allerhande banmosies oor tydgenote deur monstervergaderings te loods nie. Ons het *wel* gehoop om regverdige optrede van studenteleiers te sien.

*Die Matie* is ook nie geïnteresseerd om nou nog langer te help om studente-wangedrag agter allerhande dinge te verbloem nie. Ons wil *wel* graag sien dat ons studenteowerhede hul bes doen om aan sulke wangedrag, en aan alles wat daartoe aanspoor, 'n einde te maak.

# Die Oorlog

## XXVI. Enige Hoekstene van die Geal. Oorwinningsgebou.

*„De Waereldgeschiedenis is 't Waereldgericht, Vergelding, de wet der Historie."*
*— Ten Kate.*

*Deur Prof. J. A. Wiid*

### STALINGRAD

Die Russiese verdediging in Stalingrad is net so hardnekkig as dié van Sebastopol, maar volgens Reuter se korrespondent in Moskou, word die Duitse gordel steeds nouer om die stad getrek. Dele van die stad is reeds in 'n digte rookwolk gehul en die brande kan in die nag myle ver gesien word. Pleine en strate is verwoes deur langafstandkanonne en onophoudelike lugaanvalle. Dit is Stalingrad, die nywerheidstad, wat slegs 'n paar weke gelede 24 uur per dag gewerk het om wapens vir die Rooi Leër te vervaardig. Hoewel die Russiese verdediging bewonderingswaardig en 'n voorbeeld vir die Brits-Amerikaanse bondgenote is ,sal dit 'n baie groot wensdenker moet wees wat die redding van hierdie sleutelstad sal voorspel.

Aan die ander oorlogsfronte het geen noemenswaardige veranderinge ingetree nie. Die Spilmagte is, behalwe in die onbesette Rusland, nog baas in Europa. Die Geallieerdes het nog nie daarin geslaag om een tree grond van die besette gebiede terug te verower nie. In Afrika is die posisie ook nie beter nie. Rommel se troepe staan nog altyd diep in Egipte, gevaarlik naby Alexandrië. In Oos-Asië het die Militêre posisie nog nie ten gunste van die Geallieerdes omgeswaai nie. Die Japanners is nog baas in die belangrike gebiede wat hulle verower het en in hulle vordering in die rigting van Port Moresby, 'n sleutelpunt in die verdediging van Nu-Guinee en Australië, is hulle op die oomblik selfs besig om hierdie verowerings uit te brei. 'n Blik op die kaart van die huidige wêreld en 'n vergelyking van hierdie kaart met dié van 3 September 1939 behoort dan ook elke nugter-denkende mens te oortuig dat die militêre posisie vandag nie juis gunstig vir die Geallieerdes is nie. En tog is die Geallieerde propaganda nog net so hoopvol as in die dae wat groot neerlae voorafgegaan het.

### OORWINNINGSFONDAMENTE

Sedert 3 September 1939 is die fondamente van 'n Geallieerde oorwinning reeds meermale afgebreek. Aanvanklik is daar b.v. in Londen en Parys staat gemaak op die langdurige weerstand van die Poolse miljoeneleër, op die ondeurdringbaarheid van die Maginot-linie, op Brits-Franse solidariteit en materiële oormag, op oorweldigende Brits-Franse seeheerskappy en op die daaruit volgende dodende blokkade teen Duitsland. In Londen en Parys is daar aangeneem dat die Duitsland van 1939 veel swakker is as die Duitsland van 1914 en dat 'n ekonomiese ineenstorting en 'n politieke rewolusie in hierdie land, as gevolg van die blokkade, nie lank sal kan uitbly nie. Vandag weet elkeen dat die oorlog nie die verwagte verloop geneem het nie. Die fondamente waarop die oorwinningsgebou sou rus, was nie so heg en stewig nie, ja het soms in die lug gesweef, met die gevolg dat baie van die lugkastele ingetuimel het.

Onder al die verpletterende oorlogsgebeurtenisse van die laaste drie jaar het die oorwinningskrete van die Britse propaganda onveranderd sy gang gegaan. Brittanje het nou wel baie bondgenote verloor maar hy het ook nuwes bygekry. Onder die nuwe bondgenote is dit veral Rusland wat die pligte van 'n bondgenoot getrou nakom. Daar word gehoop dat die ryk Amerika binnekort ook sy volle gewig in die stryd sal werp. Die toekoms lyk dus beslis hoopvoller al was hierdie toekoms nou ook al, volgens die Britse propaganda, nooit anders as hoopvol nie. Die eindoorwinning sou seker wees al rus dit nie langer op dieselfde fondamente as in 1939 nie.

### DIE HUIDIGE FONDAMENTE

Vandag is dit nie meer die Maginot-linie nie maar die Russiese front wat een van die vernaamste hoekstene van 'n Geallieerde oorwinning uitmaak. Daar word gehoop dat die Russiese bondgenoot sal slaag, waar die ander bondgenote gefaal het, om die wapens van die Spil stomp te maak. Die moontlikheid dat die Rooi Leër inmekaar kan stort of kan ophou om 'n ernstige militêre faktor te wees, is die oorsaak van onsteltenis in Londen en Washington.

Die Britse vloot en gevolglike blokkade van die Spilmagte is ook nie meer vandag so 'n stewige fondament van die eindoorwinning nie. Die Geallieerde oorlogs- en handelsvlote het baie gevoelige verliese gely. Waardevolle steunpunte soos Singapoer is nie meer daar nie. Die Middellandse see is nie langer as verbindingsweg tussen Brittanje en die ryke Ooste beskikbaar nie. Die Geallieerdes is van lewensbelangrike grondstowwe soos rubber afgesny. Die duikboot het onder die Geallieerde skeepvaart vreeslike slagting aangerig. Vandaar dat vandag veel minder gehoor word van 'n blokkade van die Spilmagte as van die aanbou van skepe in Geallieerde skeepswerwe.

*Vervolg op bls. 3 kol. 2.*

## Ons Volksbeweging

As organisasie moet die volksbeweging verder voorsiening maak vir die doelbewuste volksvorming van alle volkslede, en veral van die volksjeug, ook met die oog op toetreding tot die organisasie van die volksbeweging. In hierdie verband moet rekening gehou word met die verskillende groeifases van die mens en die verskillende vorms van belangstelling in hierdie natuurlike ontwikkelingsproses. Daarby moet die nadruk gelê word op organiese volksvorming, arbeidsdiens en in die laaste stadium op wagdiens. Selfstandige vertakkings van die volksbeweging moet hierin voorsien.

— DR. P. J. MEYER.

*ONDERSTEUN ONS ADVERTEERDERS*

**Rook Springbok-Sigarette**

## „EX LIBRIS"

**Ds. T. N. Hanekom.**

OUD EN JONK (I)

Spr. 16:31: „Grysheid is 'n sierlike kroon; dit word gevind op die weg van geregtigheid."
Pred. 11:10: „Want die jeug...... is nietigheid."

Daar is maar altyd botsing tussen oud en jonk. Ook ons tyd dien as voorbeeld en lewer die bewyse daarvoor. Oor die botsing self wil ons nie praat nie, maar D.V. agtereenvolgens uit die Bybel 'n paar grepe doen wat betrekking het op die tema wat hierbo genoem word. Vooraf ge ons eers 'n paar gedagtes ter inleiding.

Wanneer ons die gang van die geskiedenis volg ontmoet ons dikwels sulke momente waar oud en jonk met mekaar in botsing is. Dit is goed dat ons sulke tye nie beskou as maar net toevallige gebeurtenisse wat op hulleself staan nie. Sulke tye is maar voorbeelde van die algemeen geldende wet van konflik tussen gaande en komende generasies. Verlede en toekoms, gister en môre, verbygaande en komende dae, staan maar altyd wantrouend teenoor mekaar. Tussenin lê die hede, vandag—die buffer wat die skok moet opvang, die slagveld waarop die stryd gevoer word, die toeskouer wat die uitslag afwag, die vredemaker wat die twee moet versoen.

Daar is die ouderdom. Veel goeds is daarvan te sê, soos ons ook hierbo kan lees uit die Woord van God. Dit het mooi jare agter die rug. Jare van diens en blydskap, toe groot dinge gebeur het. Die dinge staan opgeteken in die geskiedenis, soms met rooi letters. En daarin lees die verlede sy eie belangrikheid en terselfdertyd die bewyse vir die reg van sy bestaan.

Daar is die jeug. Veel goeds is daarvan nie bekend. Dit het nog niks gedoen en het ook geen geskiedenis. Maar daar is ook geen lys van sondes op sy register en daar is geen verwyte in sy hart. Sy blad is nog blank, sy toekoms nog voor. Daarin lees die jeug sy eie onskuld en terselfdertyd die regverdiging vir sy verontwaardiging. Die ouderdom roep die jeug toe: jy het nog niks gedoen nie. Die jeug antwoord: ja, en ook niks verkeerd gedoen nie! Vandaar die moeilikheid! Hoe sal ons dit oplos? Hoe sal ons vrede maak?

Die jeug moet onthou, dat hy jonk is maar ook eendag onderdom sal wees. Die verlede is sy moeder. Daaruit is hy gebore, en wie sy moeder eer sal lank lewe in sy land! Die ouderdom het ook iets vergeet. Daar was 'n dag toe hy ook jonk was en dara staan baie op sy rekening! Om die waarheid te sê: as die verlede so goed was, waarom is vandag so sleg, so treurig, so ellendig? Wie is verantwoordelik vir vandag? Wie het alle seggingskap in hande gehad tot vandag? Die jeug of die ouderdom? Wie....?

'n Antwoord het alleen hy, wat in gehoorsaamheid aan die Heilige Woord van God: die ouderdom eer maar ook die jeug liefhet as 'n welstand van die Here, as 'n belofte vir die toekoms!

Mej. B. Coetzer van Harmonie en mnr. de Kock is gekies om Stellenbosch te verteenwoordig op die Redenaarskompetisie in verband met Sosiologie wat die eerskomende vakansie op Cradock sal gehou word.

* * *

Mej. Marie Loening van Harmonie het Woensdag haar verjaarsdag gevier.

* * *

Die jaarlikse Sigeuneraand van Harmonie word op die 17e Oktober gehou — 'n groot verskeidenheidsprogram word aangebied. Almal is hartlik welkom.

## Onder Onsies

* * *

Mej. Marcia Schoeman van Huisten-Bosch het in die loop van die week, by geleentheid van haar verjaarsdag 'n paar van haar maats by Suikerbossie onthaal, o.a. mej. Jean van Wyk, Iris Ettling, Rykie van Reenen en Rae Hugo.

* * *

Mej. Johanna de Waal van Huisten-Bosch het 'n aanstelling op die personeel van die Kindersorg van Oos-Londen gekry.

* * *

Mej. Ethel Goedhals, oud-Sonopper is tans op siekverlof en het 'n besoek aan Stellenbosch gebring. Sy hou skool op Vryburg en sal in Oktober weer haar dienste aanvaar.

* * *

Ds. Siebie Sieberhagen (oud-Wilgenhoffer), tans leraar op Oudtshoorn sal die kort vakansie op Durbanville deurbring, en is van plan om ook aan Stellenbosch 'n besoek af te lê.

* * *

Mej. Helie Theron van Monica, het Saterdag haar verjaarsdag gevier met 'n baie suksesvolle piekniek in Jonkershoek. Onder die gaste was teenwoordig mejj. Louise Pauw, Helene Theron, Charlotte Hurter en mnre. Dawid Snyman, Coligny Murray, Danie Luckhoff en M. M. v. Rooyen.

* * *

Ons is bly om te verneem dat mnr. Hubert du Plessis en mej. Annette Scheepers van plan is om vroeg aanstaande kwartaal 'n musiekkonsert te hou.

* * *

Mnre. Gert le Roux en Tienie Lotz kuier tans op Stellenbosch, asook mnr. Tobie Louw (Tobie Mosie) wat terug is om 'n eksamen te doen.

* * *

Mej. Dixie Taljaard van MacDonaldhuis het 'n betrekking op Herbertsdale aanvaar.

* * *

Mnr. Mike Smith van Wilgenhof het Dinsdag sy verjaarsdag op feestelike wyse gevier.

* * *

Mej. Barlo Retief van Sonop het 'n aanstelling op die personeel van die Univ.-Kollege van Wellington aanvaar.

### DIE OORLOG

*Vervolg van bls. 2 kol. 4.*

we. Nie meer so veel die oorlogsvloot nie maar die reusagtige nuwe handelsvlote wat in aanbou is, het een van die nuwe hoekstene van die endoorwinning geword.

By dit alles het die ineenstorting van die vyand se tuisfront nog nie opgehou om 'n hoeksteen van 'n eindoorwinning te wees nie. Hierdie keer sou die ineenstorting egter nie die gevolg van 'n hongerblokkade soos in die vorige oorlog wees nie. Nee die ineenstorting moet volg op intensiewe lugbombardemente op die nywerheidsstede van die Spil en die gevolglike demoralisering van die burgerlike bevolking. Ook hier dus 'n ander bevolking van die eindoorwinning: die lugmag (R.A.F.) het die plek ingeneem van die seemag (R.N.).

'n Ander hoeksteen van uiteindelike oorwinning sou wees 'n algemene opstand in Europa en elders teen die besettingsleërs van die Spilmagte. Daar word in die jongste tyd in die Geallieerde propaganda veel klem op ontevredenheid in besette gebiede gelê. Of hierdie ontevredenheid in geslaagde verset kan ontwikkel, is 'n saak waaraan alleen 'n wensdenker hom kan waag. Geen mens buite die besette gebiede beskik vandag oor betroubare gegewens van wat daar aan die gang is nie. Niemand weet in hoeverre die Spilmagte daarin geslaag het om die uitgestrekte besette gebiede in Europe en Asie 'n bate of 'n las vir hulle oorlogspoging te maak nie. Die verdere verloop van die oorlog sal dit moet bewys.

### Die Vernuftige Dame Sê:

Noudat bloktyd weereens nader besef 'n mens opnuut hoe waardevol en essensieel 'n genoegsame hoeveelheid slaap is. Nie net alleen is dit van belang vir die behoud van die senuwees nie, maar ook vir 'n heldere, nugtere brein; bowe-al egter om 'n opgewekte voorkoms.

Hier volg nou 'n paar belangrike punte wat in aanmerking moet geneem word i.v.m. slaap:—

1. Moenie 'n swaar maaltyd geniet later as seweuur in die aand nie.

2. Sorg dat u genoegsame oefening kry gedurende die dag. Stap!—laat rus die fietse.

3. Maak u kamervensters oop sodat u genoegsame vars lug kan kry.

4. Moenie gebruik maak van swaar komberse of dekens nie.

5. As u hard gewerk het, gaan dan vroeg na bed, selfs al is u nie vaak nie — sorg net dat die brein en liggaam deeglik ontspan.

6. Was u gesig met koue water en droog goed af — vermy alle gesig-rome.

7. Neem 'n warm bad net voordat u gaan slaap.

8. Moenie u hare opdraai in swaar krullers nie.

9. Moenie die gewoonte aankweek om in die bed te lees nie — dit is nadelig vir u oë. As u onder die komberse inklim slaap dan en droom!


*Onthou . . .*

**J. C. BERGH**

**Die Kleremaker!**

- Vir u volgende Pak
- Werk Gewaarborg
- Billike Pryse
- Beste Materiaal

*Nuwe Adres:*
**Net langsaan die Suikerbossie!**

**Alfred Blommaert,**

—o—

(Foon 48 en 176)
Kerkstraat,
STELLENBOSCH.

KRUIDENIERSWARE
- - YSTERWARE - -
- - PRODUKTE - -

Die Winkel vir billike en spoedige bediening.



● Vanaf Kaapland, tot ver in die Noorde, tot anderkant die Vaal, is hierdie Fakkel gedra deur duisende jong hande.

Deur storm en wind, deur reën en hetige son — van hand tot hand aangegee — soos dit ook aangegee sal word van geslag tot geslag.

So sal ook alle Afrikanerprodukte van hand tot hand — van man tot man aangegee word in hul Vaderland — Omdat hulle gemaak is deur Afrikanerhande — en Omdat 'n Man gemeet word aan sy dade en nie aan sy woorde alleen nie.

● Geplaas in belang van die huidige en komende Afrikaanse Nywerhede deur die Fabrikante van „PATRIOT."

Patriot



VOORBRAND TABAKMAATSKAPPY (EDMS) BEPERK,
Kommissarisstraat 200, JOHANNESBURG.

# Rook Springbok-Sigarette

# Op Ons Sportvelde

*Voetbal:* Stellenbosch het Maitland verlede Saterdag op Coetzenburg geklop met 14 punte teen 0 in 'n wedstryd wat om die Groot Uitdaagbeker gegaan het. Die Maties staan dus weer bo aan die kompetisielys.

* * *

*Padwedloop:* In die driehoekige padwedloop oor 5 myl tussen U.S., U.K. en Spartan Harriers het die Maties sowel in die ope as in die spankompetisie die louere weggedra. Die wedloop het om 3.30 vanaf Coetzenburg begin. Aangesien die U.K.-atlete nie almal tot die end volgehou het nie, het laasgenoemde span geen plek verower nie. Die uitslae was as volg:

Eerste: P. de Wit (U.S.) 27 min. 50 sek.

Tweede: G. Oosthuizen (U.S.) 28 min. 5 sek.

Derde: D. Rabie (U.S.) 28 min. 28 sek

*Spankompetisie:* —

Eerste: Stellenbosch A met 43 pte.

Tweede: Spartan Harriers met 47 pte.

Derde. Stellenbosch B met 115 pte.

In die eerste padwedloop vir skoolseuns oor 2½ myl vanaf die Hoër Jongenskool Saterdagoggend was die uitslae as volg: —

Eerste: Hottentotsholland.
Tweede: H.J.S., Paarl.
Derde: Gymnasium.
Vierde: Stellenbosch.

* * *

*Tennis:* Die eerste wedstryde van die seisoen is Saterdag teen Orangia afgespeel waarbr spel van 'n besondere standaard gehandhaaf is.

*Uitslae:* —

C. Muller klop O. Maartens 7—5, 5—7, 6—3.

W. A. Joubert klop Stofberg 6—4, 12—10.

Muller en Joubert verloor teen Maartens en Stofberg 1—6, 2—6.

H. Steyn en C. Lombard klop Spencer Smith en Cohen 6—2, 6—3; klop Botha en du Toit 4—6, 7—5, 8—6. Dr. P. S. du Toit en J. du Toit klop Spencer Smith en Cohen 6—2, 6—3; verloor teen Botha en du Toit 3—6, 8—10.

U.S. klop Orangia met 5 wedstryde teen 2, 10 stelle teen 6.

Die aard van die mededinging was vriendskaplik.

* * *

*Hokkie:* Die Mansklub het hul seisoen suksesvol afgesluit deur die eerste plek in die liga te verower. Die dames nader die einde van hul seisoen.

Die wedstryde om die Interkoshuis-beker (gemengd) vind nou plaas. Die uitslae tot op datum is as volg:

Dagbreek 3—Privaat-Wit 1.
Wilgenhof 9—Privaat-Kleure 0.
Dagbreek 3—Privaat-Kleure 0.
Wilgenhof 4—Privaat-Wit 3.

Donderdagmiddag vind die finale beslissing plaas.

*Puntelys:* Wilgenhof 4.
Dagbreek 4.
Privaat-Wit 0.
Privaat-Kleure 0.

VERJAARSDAE
word nou baie gesellig gevier, want alles word smaaklik voorberei in
„Die Uitspan"

## Debatsvereniging Hou Wêreldkonferensie

Die Wêreldkonferensie vir Vrede het verlede Saterdagaand onder beskerming van die Debatsvereniging plaasgevind.

Om kwart voor ag was die leidende wêreldfigure om die konferensietafel geskaar (behalwe Mahatma Gandhi wat op die grond gaan sit het). Die byeenkoms het begin met 'n séance. In half-lig het die opgeroepte gees van Socrates binnegekom, die aanwesiges „in sy midde" verwelkom en die twee „fronte" aan die gehoor voorgestel. Mnr. Piet van Niekerk het as tolk en kenner van dinge opgetree.

Die voortou is geneem deur Pres. Franklin D. Roosevelt (Dawid van der Merwe). Voor sy mikrofone was hy die kranigste en oorspronklikste figuur van die byeenkoms. Na hom kom Hitler (Charles Hopkins) op trotse wyse aan die woord, gevolg deur Josef Stalin (Danie Moolman) — Beëlzebul met sy vodka en sy mes. Hierna was Mussolini (Fanie Möller) aan die woord, 'n man van weerbarstige inbors. Dan volg Ghandi (Bruckner de Villiers) in wit lakense gewaad, telkens in grote nood, maar steeds vol liefde bereid om hom lydelik op die grond te gaan verset. Nou sê die statige koningin Wilhelmina (Noele Grobbelaar) haar groot „mouthful" — aldus Roosevelt — ondersteun deur Jannie Smuts (Gerjo van der Merwe) met sy bokbaard en Swartlandse r's. En klein Tojo (Bertie du Toit) veg ook sy „bloody, bloody struggle." Ten spyte van Ghandi se openhartige bewondering lewer Madam Tsjiang Kai Tsjek (Bettie Gericke) haar oortuigde redevoering, net voordat Ouma Issie (Brunhilde Coetzer) bely hoe sy Oom Jannie liefhet en goeters brei vir haar „boys up North."

En ten slotte dan Winston Churchill (Jannie de Villiers), oorkruis en oordwars begroet deur kameraad Stalin. Sy deurlugtige rede word eindelik deur die onwil en rumoer van die Spilmense beeindig, en die konferensie (sonder vrede) is verby.

Die groot vergadering het al die verrigtings ten volste geniet.

*Vir alle Skoenreperasies is*
LUBBE
*tot U Diens.*
Netheid gewaarborg

*Studente!*
Wees ekonomies en gaan versigtig te werk.
Laat
J. B. COETZEE
u volgende pak klere of kleurbaadjie maak.
AGENT VIR NANNUCCI DROOG SKOONMAKERS.
*Andringastraat.*

*Daar's 'n Rede*
Die knapste Student kry die beste pos.
Die beste Drukwerk trek die meeste aandag.
Ons is bekend vir kwaliteit drukwerk teen konkurrerende pryse.
Pro Ecclesia-Drukkery.
Die Laan, Stellenbosch.

# KORRESPONDENSIE

## Partypolitiek en Volstruispolitiek

Geagte Redakteur,

In die jongste uitgawe van u geëerde blad gee u heelwat prominensie aan 'n verklaring wat die plaaslike Studenteraad op 'n buitengewone vergadering uitgereik het (na aanleiding van drankmisbruik deur studente). Vir my as A.N.S.-lid en leser van „Die Matie" kom hierdie hele saak 'n bietjie eienaardig voor.

Toe daar vroeër in die jaar in u blad 'n artikel verskyn het wat op luimige wyse met 'n paar persone die draak gesteek het na aanleiding van hul politieke bedrywighede, het daar in sekere kringe groot verontwaardiging ontstaan en het sommige persone dit 'n gulde geleentheid geag om met „Die Matie" af te reken. Sito-sito is 'n spesiale monstervergadering byeengeroep waarop twee primarii, t.w. Tappies en Eddie, hul verontwaardiging uitgespreek het oor die skending van die goeie naam en tradisies van ons Alma Mater en hul besorgdheid, soos dit teologiese studente seker ook pas, oor die optrede van hul medestudente. Die redaksie van „Die Matie" is van onwelvoeglikheid beskuldig, en met die steun van 'n onnadenkende meerderheid is die hulp van die Senaat ingeroep om „Die Matie" in die ban te doen.

Op 'n Senaatsvergadering het die meerderheid wel geweier om aan die versoek van die monstervergadering te voldoen, maar het hulle tog die beskuldiging van onwelvoeglikheid teenoor die redaksie van u blad gehandhaaf, ondanks die feit dat vooraanstaande lede van die Senaat verklaar het dat hulle geen kwaad in die gewraakte artikel sien nie maar dit as 'n goeie studente-grap beskou. Hierop het ook die Universiteitsraad die beskuldiking van onwelvoeglikheid nie alleen bekragtig nie, maar tot oormaat van sensuur bepaal dat die veroordeling van die aanplakborde van die Universiteitsgeboue opgesit moet word, waar dit vandag nog pryk en waarna dit deur 'n hongerige pers wêreldkundig gemaak is.

Vandag weet die hele wêreld dat begenoemde optrede van Monstervergadering, Raad en Senaat aan „Die Matie" geen duimbreed verskil gemaak het nie. Nogtans, mnr. die Redakteur, as begenoemde liggame dit so goed met die studentemoraal bedoel en die tug so streng wil handhaaf, dan kan dit die goeie naam van ons Alma Mater alleen ten goede kom en sou ek die laaste persoon wees om daarteen beswaar te maak, selfs waar „Die Matie" deur sy gewilligheid om desnoods 'n apologie aan te bied bewys het dat hy nie bedoel het om aanstoot te gee nie.

Intussen het daar, vóór en ná die gewraakte artikel, in ander studenteblaaie soos „Die Stellenboschse Student" en „Die Junior" van 1941 en 1942 dinge verskyn waarvoor onwelvoeglik 'n baie sagte benaming sou wees en wat eerder as immoreel bestempel moet word. Hierdie bewering sòu ek met talle aanhalings uit genoemde blaaie kan staaf, maak ek bespaar u lesers liewer die onkiesheid en verwys net na wat die Rektor self oor die jongste Juniordag en die Juniorblad sê. (Vide „Die Matie" van 4 September 1942).

Nou, Mnr. die Redakteur, watter gulde geleentheid vir die Voorsitter van die S.V.R. en sy sekondant om op 'n spesiale monstervergadering weer hul stemme te laat hoor in belang van die goeie tradisies en sedes van ons Alma Mater, en om die Monstervergadering te beweeg om 'n sterk beroep op die Senaat te doen om hul eie organe, „Die Stellenboschse Student" en „Die Junior," in die ban te doen — dan sou mens aan hul erns kon geglo het.

En watter mooie geleentheid vir die Senaat om met 'n spesiale vergadering op te tree deur so 'n besluit te bekragtig en na die Raad te verwys om die wêreld in te stuur—dan sal ek aan die onpartydigheid van genoemde liggame hulde bring.

Wat wou! Dis een van die twee, Mnr. die Redakteur: onwelvoeglik of partypolitiek!

Maar nou berig u blad my dat daar wel in die geledere van ons S.V.R. beroering gekom het. Hier die kind van die liberalisme het hom blykbaar losgeskud van sy tradisionele juk van konstitusionalisme en éénkeer die moed aan die dag gelê om leiding te gee. Heel besadig sê hy dat hy teleurgesteld voel met die optrede van sommige studente op sekere geleenthede. Wat egter eintlik sy „afkeuring" geniet is die „onverantwoordelike publikasie deur onbekende persone van 'n vlugskrif onder die titel Pro Veritate." Feit is dat baie van ons hierdie „onverantwoordelike" publikasie verwelkom het as ten minste 'n moedige, indien uiterste, poging om eens en vir altyd 'n einde te maak aan buitensporige studente-wangedrag. En as daar van owerheidsweë aan hierdie onreëlmatighede nou ernstige aandag gegee word, dan het die gewraakte publikasie heel moontlik ook sy deeltjie bygedra.

'n Ander publikasie wat veeleer die aandag van 'n S.V.R. verdien het, het onlangs sy verskyning gemaak. Ek verwys hier na „Pro Libertate." Wat „Pro Veritate" blykbaar aan die kaak wou stel, dit is juis die klas van ding wat „Pro Libertate" aanmoedig het! Oor laasgenoemde onding rep ons S.V.R. g'n woord nie. Daarom stel ek die vraag: wat ag ons twintigtal S.V.R.-lede van groter belang — dat sulke onreëlmatighede op Stellenbosch nie moet plaasvind nie of dat die wêreld nie moet weet dat hulle wel hier plaasvind nie?

Wat wou! Dit bly weer een van twee, Mnr. die Redakteur: immoraliteit of volstruispolitiek?

Met agting,
„PRO JUSTITIA."

RUS
Gedurende Hierdie Vakansie en LEES
*die volgende boekies in die Bekende*
TREIN-SERIE.
2/6 stuk.
Oom Kasper se Wonderwerke deur H. J. C. Pieterse.
Spektakels en Debakels deur Dirk Mostert.
Moleste in die Moot deur Dirk Mostert.
Dood in die Sirkus deur Nico Niemand.
Boernooi en Bokkapaters deur M. L. Louw.
Manuel die Vervloekte deur J. de V. Steyn.
Somerdwaasheid deur A. Sutherland.
C.S.V.-BOEKHANDEL
Pleinstraat
STELLENBOSCH
Maak vroegtydig voorsiening vir Matie-Kerskaartjies
6d. stuk, 4/6 per dosyn.

„VOORSLAG" PYNPOEIERS
*DIE VEILIGE VERBANNER VAN ALLE PYNE.*
1/6 & 2/6
Die
Voortrekker-Apteek
STELLENBOSCH